

Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk (SAPT) Eerstejaarsinligtingstuk

Om jou TAG (Toets vir Akademiese Geletterdheid)-uitslag te kry op 18 Januarie 2019:

Besoek die volgende webblad <http://humanities.nwu.ac.za/centre-academic-and-professional-practice/timetablerooster>

Om jou klasindeling te kry op 1 Februarie 2019:

Besoek die volgende webblad: <http://humanities.nwu.ac.za/centre-academic-and-professional-practice/timetablerooster>

1 Sleutel tot TAG-kodeuitslae

Kode 1	Moet ALDA 111 neem.
Kode 2	Moet ALDA 111 neem.
Kode 3	Moet ALDA 111 neem.
Kode 3G	Mag grensgevalletoets aflê, maar registreer intussen vir ALDA 111.
Kode 4	Kry erkenning vir ALDA 111 en hoef dit nie te neem nie, tensy jy in die fakulteite Natuurwetenskappe of Regte is.
Kode 5	Kry erkenning vir ALDA 111 en hoef dit nie te neem nie, tensy jy in die fakulteite Natuurwetenskappe of Regte is.

1.1 Grensgevalletoets

Indien jy 'n kode 3G behaal het, kom jy in aanmerking vir die grensgevalletoets. Dit beteken dat jy 'n tweede geleentheid kry om die TAG af te lê vir moontlike erkenning. Indien jy egter nie van hierdie geleentheid gebruik maak nie, is jy outomaties verplig om ALDA111 te neem.

Meld aan by gebou F4-108A om die inligting rakende die grensgevalletoets te bekom.

2 ALDA 111

ALDA 111 word slegs in die eerste semester aangebied. Indien jy dit moet neem, moet jy dit in die eerste semester neem en dan ALDA 122 in die tweede semester. ALDA 111 is 'n **VOORVEREISTE** vir ALDA 112/122.

Let daarop dat studente in die fakulteite Regte en Natuurwetenskappe VERPLIG is om ALDA 111 as deel van hulle kurrikulum te neem. Die enigste uitsonderings is studente in die volgende programme: *Kwantitatiewe Risikobestuur, Finansiële Wiskunde, Data-ontginning, Aktuariële Wetenskap, Inligtingstegnologie en Stads- en Streeksbeplanning.* Hierdie uitsondering geld slegs as jy 'n kode 4 of 5 in die TAG behaal het.

Indien jy 'n kode 4 of 5 vir die TAG behaal het, word ALDA 111 outomaties op jou rekord erken. Dit sluit nie die betrokke studente van die fakulteite Regte en Natuurwetenskappe in nie.

NB: Tydens webregistrasie mag jy ervaar dat die ALDA 111-opsie geselekteer en grys of onaktief is. Moenie daarvoor bekommerd wees nie, die korrekte data is reeds vir jou gelaai.

LET WEL: Ingenieurstudente neem nie ALDA 111 nie, maar wel ALDE111.

Die voorgeskrewe ALDA-Werkboek is deel van jou studiegids.

ALDA 111: Akademiese Geletterdheid: 'n Inleiding

Maak seker dat jy die werkboek van jou fakulteit ontvang. Teologie-studente gebruik die Fakulteit Geesteswetenskappe se werkboek.

ALDA 112/122: Die voorgeskrewe werkboek is deel van jou studiegids.

Hierdie werkboek is generies en vir alle fakulteite.

ALDA 112/122

ALDA 112/122 is 'n verpligte module vir alle studente. Indien jy ALDA 111 ook moet neem, neem jy ALDA 111 in die eerste semester en ALDA 122 in die tweede semester. Studente wat nie ALDA 111 hoef te neem nie, word volgens fakulteit ingedeel vir ALDA 112/122. Dié indeling is soos volg:

Semester 1:

BWI-studente (**Kwantitatiewe Risikobestuur, Finansiële Wiskunde, Data-ontginning, Aktuariële Wetenskap, Inligtingstechnologie**)
Stads- en Streeksbeplanning
Geesteswetenskappe
Teologie
Gesondheidswetenskappe

Semester 2:

Natuur- en Landbouwetenskappe
Opvoedkunde
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Regte

Maak asb seker in watter semester jy die module het.

NB: Tydens webregistrasie mag jy ervaar dat sekere inligting vir ALDA 112/122 reeds geselekteer en grys of onaktief is. Moenie daarvoor bekommerd wees nie, die korrekte data is reeds vir jou gelaaai.

LET WEL: Ingenieurstudente neem nie ALDA 112/122 nie, maar wel ALDE112/122.

ALDA 112/122 bestaan uit **drie komponente**, soos hieronder uiteengesit. Jy moet **al drie** komponente in dieselfde semester slaag. Indien jy één van hierdie komponente druipt, sal jy die HELE module moet herhaal. Daar word dus nie vir individuele komponente erkenning gegee nie.

Komponent 1 - Akademiese Geletterdheidslesings

Hierdie komponent bestaan uit een tot twee lesings per week, behalwe vir Opvoedkunde studente wat drie lesings per week het (om op te maak vir die proefydperk). Die **KLASINDELING** sal vanaf Vrydag, 1 Februarie 2019 om 16:30 beskikbaar wees by <http://humanities.nwu.ac.za/af/centre-academic-and-professional-language-practice/rooster-2017-sem-1-timetable-2017-sem-1>. Kyk waar en wanneer jou klasse is, maak ook van die begin af seker wie jou dosent is. ONTHOU: Klasse begin op Maandag 4 Februarie 2019. **Jy mag nie van een klas na 'n ander skuif sonder toestemmingsbrief van die Admin kantoor van SAPT (F4,108A) nie.**

Akademiese Geletterdheidskontakbesonderhede:

Me. Lazenby

Kantoor 108A, LJ du Plessis-gebou (F4)
018 299 1045
21711534@nwu.ac.za

Me. Fourie

Kantoor 108A, LJ du Plessis-gebou (F4)
018 285 2612
13266241@nwu.ac.za

Komponent 2 - Rekenaar- en Inligtingsvaardighede (RINL)

Jy **moet** die RINL-komponent reeds aan die begin van die jaar begin volg, ongeag van die semester waarin jy ALDA 112/122 neem.

RINL-kontakbesonderhede:

Ferdinand Postma Biblioteek (E7), Lokaal 315 (gaan by die agterste trappe van die biblioteek op).

Me. Maree

Lokaal 315, Gebou E7
018 299 4144
Jeanne.Maree@nwu.ac.za

Komponent 3 - Lees

Meld asb by LEES lab aan vir inligting m.b.t. die semester waarin jy LEES moet voltooi.

Leeslabkontakbesonderhede: Kantoor K21, Gebou E8 (J. Chris Coetzee-gebou)

Me. de Swardt

J Chris Coetzee Gebou (gebou E8, kantoor K21)
(018) 299 2901
jeanette.deswardt@nwu.ac.za